Die straf op die sonde

Teks: Genesis 3: 1 - 19, Romeine 6:6, Romeine 6:12 & Sondag 16
Teksvers: Genesis 3: 3

1. Inleiding

Ons kom vanoggend in ons laaste leerdiens voor goeie vrydag herdenk word saam. En daarom val hierdie leerdiens se fokus ook op goeie vrydag. Die vraag wat ons na die tema lei vanoggend is: “Waarom moes Christus dan sterf?”. En die antwoord is in kort omdat die dood die straf op die sonde is. Maar soos wat ons as mens mos nou maar is, is ’n kort eenvoudige antwoord nie genoeg nie.

En daarom gaan ons in hierdie leerdiens verder in fokus op waarom hierdie straf. Ons gaan ook kyk na die mens se optrede in verband met die opdragte van die Here. Ons wil fokus op waar dit die mens laat. Kan die mens se posisie voor God weer herstel word, of is ons nou eenvoudig vir ewig almal verdoem.

Om vir ons antwoorde op hierdie vrae te kan verskaf, gaan ons reg na die begin van die woord van die Here. Ons gaan kyk waar het die Here hierdie verband tussen die sonde en die dood geopenbaar. Maar dan gaan ons ook kyk wat die Nuwe Testament daaroor sê: hoe kyk dit terug op hierdie belangrik saak.

Maar laastens is ons natuurlik hier met ’n fokus op Christus alleen. En dit is Sondag 16 wat dan ook vir Christus aan hierdie saak koppel. Maar nie net die persoon van Christus nie. Ook Sy optrede in Sy sterwe en opstanding, juis dit wat ons ook die eerskomende naweek gedenk. Kom ons gaan kyk na die straf op die sonde,

2. Straf eerder as natuurlike gevolg

Wanneer ons die teksgedeelte uit Genesis 3 lees, wat ook ons teksgedeelte vanoggend is, kry ’n mens maklik die verkeerde idee. ’n Mens dink maklik dat die vrug wat nie geëet mag word nie, giftig was. Giftig in die sin van ’n chemiese middel aanwesig daarin, wat ’n mens siek sal maak en dan uiteindelik sal laat sterf. Dit is natuurlik die gevolg van die mens in die middelpunt siening wat die wêreld rondom ons huldig.

Maar dan nie net die mens in die middelpunt uit die sekulêre wêreld vandag nie. Ook die manier waarop die slang, oftewel die duiwel in ons teksgedeelte optree gee hierdie gevoel. Die woorde wat die duiwel sê, herinner ons aan ’n ander gewilde gesegde. Ons ken dit wanneer iemand vir jou sê: “Dit is mos sommer ouvrou stories.” Ons hoor dit in die woorde: “Julle sal beslis nie sterf nie”. Met ander woorde die vrug is nie giftig nie, dit is net ’n gerug.

Maar dit is uiteindelik glad nie die geval hier nie. Die rede is waarom die mens nie van die vrugte van die boom in die middel van die tuin mag eet nie, is omdat God hulle uitdruklik verbied het om dit te doen. Dit is in die eerste plek ’n geloofssaak, eerder as ’n chemiese of ander saak. Dit is ’n saak van aanbidding. En in aanbidding word die opdragte van Hom wat aanbid word, sonder bevraagtekening gehoorsaam.

Daarom gaan die mens nadat hy en sy van die vrug in die middel van die tuin geëet het sterf nie as ’n natuurlike gevolg van ’n giftige vrug nie, maar omdat hulle ongehoorsaam was aan die Lewegewer. Die mens kies eerder iemand anders te gehoorsaam.

3. Die ongehoorsaamheid van die mens

Maar wat presies sien ons in hierdie ongehoorsaamheid van die mens. Soos ons reeds in die vorige punt gesê het, kies die mens gehoorsaamheid aan iemand anders. Die mens kies om eerder die slang blindelings sonder enige waarborge of beloftes na te volg. En dit bloot omdat die slang die mens die illusie gee, dat hy in beheer kan wees. Dat hy of sy self God kan wees en aanbid kan word. Wat die duiwel natuurlik weglaat om te sê is dat hyself as duiwel eintlik dan voortaan deur die mens aanbid sal moet word, en hy sal bose optrede eis.

Dit is hier waar die spesifieke straf op die sonde dan inkom. Die mens onder beheer van die bose kan nie eenvoudig, met vye teuels in die skepping van die Here bestaan nie. Trouens die sondige mens kan nooit in die

heilige teenwoordigheid van die Here bly staan nie. Die toorn van die Here sal hom/haar eenvoudig vernietig. Dit is die eerste rede waarom hierdie sonde met die dood gestraf moet word.

Die tweede rede waarom hierdie sonde met die dood gestraf moet word, is eintlik die genade van God ons sien iets hiervan deurskemer in vers 22: “Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!” In die Here se genade stel Hy ’n beperking in, op die skade wat die mens in sy/haar boosheid sal kan aanrig. Dit sal net kan voortduur totdat die mens self sterf.

4. Die gehoorsaamheid van Christus

Maar dan sien ons weereens die groot genade van die Here geopbenbaar. Hy laat nie maar eenvoudig die mens in sy/haar verlore toestand voort ploeter totdat hulle sterf hier op aarde nie. Nee daar is soveel meer en beter vir die mens beskikbaar alreeds nou. Maar in die regverdigheid van die Here, moet die boosheid, die opstand van die mens steeds gestraf word. Die straf, soos ons gesien het is en bly die dood.

Maar wanneer ’n mens probeer om vir ’n ander met dood te betaal, skiet jy vinnig ver tekort. Want spoedig sien kom jy agter dat jou dood eintlik maar net die verdiende straf op jou eie sonde is. Maar dit is waar God se groot liefde in weereens inkom. Hy stuur Sy enigebore Seun, ons Here Jesus Christus om ’n pefekte sondelose lewe hier op aarde te kom leef. Iets wat Hy kan doen omdat Hy natuurlik heeltemal God is. En dan gaan sterf ons Here Jesus Christus die veroordeelde kruisdood in ons plek.

En dit is hier waar ons teksgedeelte uit die Nuwe Testament weer die dinge vir ons vasmaak. Vir ons daardie onuitspreeklike hoop gee. Christus is sondeloos, so Sy sterwe is nie vir Sy eie sondes nie. En daarom kan Hy dan vir ons sondes sterf. Dit is uiteindelik ook wat vir ons bevestig word in Romeine 6:6. “[6]Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word.”

Dit is hierdie waarheid wat die vrydag van Christus se bittere lyding aan die kruis vir ons ’n goeie vrydag maak. Want dit is uiteindelik op daardie vrydag wat ons versoen is met God die Vader. Daarom is dit duidelik dat die straf op die sonde die dood is. Maar dit is dan ook duidelik dat Christus daardie straf in ons plek kom dra het.

5. Slot

Ons kan te slotte die volgende sake saamvat. Ons grootste sonde is en bly ongehoorsaamheid aan die Here se opdragte. Ons word so maklik meegesleur, deur ’n wêreld waar daar redes gesoek word vir gehoorsaamheid. Waar eenvoudige blindelingse neerbuig voor gesag uit die mode gegaan het. Die rede hiervoor is natuurlik die wêreld se gesagsvergrype in die verlede. Maar tog moet ons onthou, dat ons nie van menseregdeerders praat nie. Ons praat van die God die Vader die almagtige skepper en onderhouer van die heelal.

Wanneer ’n mens dan ook voortdurend kritiese die wil van God bevraagteken, staan die satan gereed met die leuen. Die leuen wat ’n mens so maklik kan weglei van die Here af. Tog laat God die almagtige Vader dit nie toe nie. Hy stuur Sy enigebore Seun, ons Here Jesus Christus om die straf vir ons ongehoorsaamheid te kom dra. Om deur die prys van Sy liggaam en bloed die pad terug na die Vader toe te herstel.

En dit is die rede waarom die Heilige Gees ons ook weer hier bymekaar bring vanoggend. Ons word nader getrek terug na die liefdevolle Vader. En wanneer ons die lydens gebeure tydens paasnaweek herdenk. Herdenk ons hierdie liefdesdaad van die Here. Die dood as straf op die sonde is dus nooit die Vader se toedoen nie. Dit is en bly di gevolg van ons sonde. Maar in genade is ons verlos van hierdie sonde. Kom ons gaan leef as vrygekoopte mense, mense wat steeds onthou hoe duur die prys vir ons vryheid is.

Amen